HOOFSTUK III

DIE MENS IN DIE UNIVERSITÊRE SITUASIE

1. In die universiteit is dosente en studente vanweë hulle gemeenskaplike belang by die wetenskapsbeoefening en opvoeding as hegte eenheid saamgebind. Die saamwees van dosente en studente maak hoër onderwys moontlik maar werk ook op die dosent bevrugtend in. Juis in die persoonlike kontak van dosent en student en die voorbeeld, invloed, warme inspirasie en leiding van die dosent verkry die hoër onderwys sy diepere, blywende en vormende waarde.

2. Om werklik wetenskapsbeoefenaar en groot leermeester te wees stel besondere eise aan die dosent en verg ook dat hy die student moet ken. Dit is derhalwe nodig om die mens - die dosent en die student - in die universitêre situasie in oënskou te neem.

3. DIE DOSENT

3.1 Dit het tydens die opname duidelik geblyk dat daar weinig wetenskaplik verantwoorde uitsprake bestaan aangaande die vereistes waaraan die dosent moet voldoen. Opinies is weliswaar deur verskillende skrywers gelug, maar sodanige opinies berus klaarblyklik eerder op intuïtiewe aanvoeling, naïewe aanvaarding, as op wetenskaplik verkreë en gekontroleerde feite. Dit is derhalwe duidelik dat die universiteit - en veral hierdie Universiteit - spoedig 'n wetenskaplike ondersoek moet instel na die dosent in al sy fasette.

3.2 Met hierdie opname is getrag om 'n mate van lig te werp op die volgende aspekte van die dosent : sy noodsaaklikste persoonlike hoedanighede, sy akademiese en professionele toerusting en sy deelname aan die lewe.

3.3 Noodsaaklike persoonlike hoedanighede van die dosent

3.3.1 Uit die 45 departementele verslae is 26 dit eens dat die dosent oor al die volgende moet beskik [1]: hoogstaande akademiese kennis, akademiese produktiwiteit, 'n wetenskaplik gefundeerde Christelike lewens- en wêreldbeskouing, superieure intelligensie, hoogstaande status as navorser, doseerbekwaamheid, welsprekendheid, mensekennis, die vermoë om met mense te werk, leierskapshoedanighede, eerlikheid, stiptheid, liefde vir die medemens, selfdissipline, netheid, lojaliteit, pligsgetrouheid, ordelikheid, strengheid, vermoë om dissipline te handhaaf, objektiwiteit, vriendelikheid, hoflikheid en kennis van die student.

3.3.2 Slegs 17 departemente het gepoog om die eienskappe, of sommige daarvan, in orde van belangrikheid te rangskik. In hierdie gevalle was die rangorde soos volg :

1. Akademiese kennis,
2. doseerbekwaamheid,
3. die besit van 'n wetenskaplik gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing.

---

1. Vgl. die antwoorde op vraag B IV van die leidraad.

3.3.3 Op hierdie drie hoedanighede volg, by benadering in dalende orde van belangrikheid : status as navorser, welsprekendheid, vermoë om met mense te werk, eerlikheid, menseliefde, leierskap, stiptheid, selfdissipline, netheid, lojaliteit, intelligensie, ordelikheid, vermoë om dissipline te handhaaf, objektiwiteit, vriendelikheid, strengheid, hoflikheid en samewerking.

3.3.4 Dit val op dat ook Coetzee[1] besondere klem lê op akademiese kennis, doseerbekwaamheid en die besit van n wetenskaplik gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing. Maar hy voeg daarby : egte beskawing, navorsingsbekwaamheid en kennis van die student as mens.

3.3.5 Die voorafgaande opinie-opname werp, tentatief, lig op die besondere eienskappe wat aan die dosent gestel word. Om die wetenskap uitnemend te kan beoefen, om die student deeglik toe te rus met kennis en vaardigheid, om die gunstigste omstandighede vir die ontwikkeling van die student te skep en om hom effektief as mens van God te vorm verg dat die dosent akademies en lewensbeskoulik voortreflik toegerus moet wees, dat hy oor die nodige kennis van die student as mens en van die beginsels en metodes van die onderwys in sy vak moet beskik en dat hy besondere persoonlike eienskappe moet besit.

3.3.6 Dit sal seker moeilik gaan om die volmaakte dosent onder sondige mense te vind, en dit is ook nie wenslik dat gestreef word na dosente wat volgens dieselfde patroon gesny is nie : die een mag vergoed vir die leemtes van die ander - maar almal moet streef na die volmaaktheid, en in hierdie strewe mag die voorgaande opname van waarde wees.

3.4 Akademiese en professionele toerusting van die dosent

Dit het hier bo geblyk dat akademiese en professionele toerusting van die dosent van kardinale belang is. Om n oorsig te verstrek van die akademiese en professionele toerusting van die dosente aan die P.U. sal die volgende ontleed word : die akademiese kwalifikasies van die personeel, hulle plekke van studie, hulle ervaring, hulle professionele kwalifikasies en hulle aanvullende kwalifikasies. In die lig van die gegewens sal, indien nodig, voorstelle vir toekomstige verbetering gemaak word.

3.4.1 Akademiese kwalifikasies van dosente aan die P.U.

3.4.1.1 Die akademiese kwalifikasies van die huidige dosente blyk uit die volgende samevattende tabel (tabel I) :

TABEL I

Akademiese kwalifkasies van die dosente, uitgedruk in persentasies, op 30 April 1965.[2]

	Dubbele Doktorsgraad	Doktorsgraad en ander grade	Doktersgraad	Meestersgraad en ander grade	Meestersgraad	Minder as n meestersgraad
Professore	7.4%	45.5%	40.7%	5.6%	7.4%	1.9%
Sen.Lektore	-	9.5%	35.7%	16.7%	19%	19%
Lektore	-	-	4.2%	8.5%	35.4%	52.1%
Jun.Lektore	-	-	-	-	-	100%

1. Beginsels en metodes van die hoër onderwys, 24-26.
2. Vgl. die Jaarboek, 30-38.

3.4.1.2 Analise van hierdie gegewens dui daarop dat ongeveer 85% van die professore, 45.2% van die senior lektore en 4.2% van die lektore akademies uitnemend toegerus is om studente tot op die hoogste vlak te lei. Dit is egter 'n ope vraag of die orige 15%, 54.8% en 95.8% respektiewelik oor die nodige kwalifikasies beskik om studente tot op die doktorale vlak te lei.

3.4.1.3 Dit val op dat die akademiese kwalifikasies van die verskillende range van dosente sterk daal in ooreenstemming met die rang. So byvoorbeeld het professore, senior lektore, lektore en junior lektore respektiewelik 85%, 45.2%, 4.2% en 0% doktorsgrade en is die modus respektiewelik 'n doktorsgraad aangevul met ander grade, 'n doktorsgraad en minder as 'n meestersgraad vir laasgenoemde twee range. Die verklaring vir hierdie verskynsel lê klaarblyklik daarin dat belowende jong akademici eerder met die oog op die toekoms aangestel word as met die oog op die hede. Die verwagting is klaarblyklik dat die junior personeel hulle met verloop van tyd akademies verder sal bekwaam. Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat akademiese bekwaming terwyl 'n persoon 'n voltydse betrekking beklee, hoë eise aan tyd en energie verg nie en dat dit 'n langdurige proses is. Sorg moet derhalwe gedra word dat die studie ter verbetering van kwalifikasies doseerwerk en ander amptelike pligte nooit mag benadeel nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die voordeel wat studente uit swakker gekwalifiseerde personeel trek, waarskynlik kleiner is, sodat die studente eintlik in 'n mate daaraan onderwerp word om 'n deel van die prys van die proses van akademiese bekwaming van die junior personeel te dra.

3.4.1.4 U Komitee is terdeë bewus van die voordele van in-diensopleiding en -studie en van die probleme van personeelvoorsiening maar beveel sterk aan dat alle moontlike pogings aangewend moet word om slegs die hoogs moontlik gekwalifiseerde personeel te benoem, sélfs in die junior poste. Dit word as onprakties beskou om 'n vaste reël neer te lê, omdat soveel faktore by die vul van 'n vakature 'n rol speel, maar dit word aan die hand gedoen dat 'n doktorsgraad die minimumkwalifikasie vir 'n professoraat en 'n senior lektoraat, 'n meestersgraad vir 'n lektoraat en 'n honneursgraad vir 'n junior lektoraat sal wees.

3.4.1.5 Voorts word aanbeveel dat alle dosente aangemoedig moet word om hulle akademiese kwalifikasies voortdurend te verbeter, maar nooit ten koste van hulle amptelike verpligtinge nie. Daar word elders voorstelle gemaak vir daadwerklike tegemoetkomings in hierdie verband.

3.4.2 <u>Inrigtings waaraan dosente van die P.U. hulle akademiese kwalifikasies behaal het</u>

3.4.2.1 Die huidige dosente is produkte van 26 Suid-Afrikaanse en buitelandse universiteite, te wete die Universiteite van Berlyn, Chicago, Columbia, Delft en Duke; die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam; die Universiteite van Gent, Harvard, Kaapstad, Karlsruhe, Keulen, Leeds, Leiden, Leipzig, London, Natal, Nijmegen en van die Oranje-Vrystaat; die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys; die Universiteite van Pretoria, Rotterdam, Stellenbosch en van Suid-Afrika; die Vrije Universiteit van Amsterdam en die Universiteit van die Witwatersrand.[1]

---

1. Vgl. die Jaarboek, 30-38.

3.4.2.2 Dit blyk uit tabel II dat veral die senior dosente hulle aan verskillende universiteite bekwaam het.

TABEL II

Aantal universiteite waaraan die dosente kwalifikasies verwerf het, uitgedruk in persentasies soos op 30 April 1966. [1]

	Drie universiteite	Twee universiteite	Een universiteit
Professore	16%	42%	42%
Senior Lektore	-	57.5%	42.5%
Lektore	-	20%	80%
Junior Lektore	-	-	100%

3.4.2.3 Dit is uit hierdie tabel duidelik dat die junior personeel in n veel geringer mate die bevrugtende invloed van verskillende universiteite ondergaan het. Hierin lê die potensiële gevaar van verengde akademiese visie en vorming, en ook in hierdie verband moet daadwerklike stappe gedoen word om dosente aan te moedig om aan meer as een universiteit te studeer en om dit vir hulle moontlik te maak, aangesien dit die Universiteit ten goede kan kom.

3.4.2.4 Die akademiese herkoms van ons dosente blyk verder uit die aantal wat slegs aan die P.U. gestudeer het, soos saamgevat in tabel III.

TABEL III

Persentasie dosente wat slegs aan die P.U. opgelei is, soos op 30 April 1966. [2]

Dosente	Persentasie
Professore	7.4%
Senior lektore	33.3%
Lektore	64.6%
Junior lektore	100%

3.4.2.5 Hierdie gegewens dui daarop dat daar, wat die senior personeel betref, nouliks sprake van akademiese „inteelt" aan die P.U. kan wees. Dit is egter duidelik dat dit n toekomstige gevaar kan word as die junior personeel nie in groot getalle aangemoedig en in staat gestel word om hulle studie ook buite die P.U. voort te sit nie.

3.4.3 Die ervaring van dosente

3.4.3.1 Die P.U. beskik in die algemeen oor n ervare personeel, sowel wat ervaring van die tersiêre onderwys as ervaring van die praktyk betref : die professore het naamlik gemiddeld 17 jaar doseer- en 10 jaar beroepservaring

1. Vgl. die Jaarboek, 30-38.
2. Ibid.

anders as doseerervaring, terwyl die ander groepe dosente gesamentlik gemiddeld 5 jaar doseer- en 6 jaar praktiese ervaring het.[1]

3.4.3.2 Hierdie gegewens dui daarop dat daar aan die P.U. weinig gevaar bestaan dat die teorie en praktyk geskei sal word dog dat eerder juis vir die praktyk opgelei sal word deur dosente wat die vereistes daarvan beleef het. Dit is wenslik dat hierdie gelukkige toestand deur toekomstige benoemings bestendig word.

3.4.4 Voortgesette studie en navorsing deur dosente

3.4.4.1 Soos hoërop aangedui is, word kennis - wetenskaplike kennis, geleerdheid - as eerste vereiste aan die dosent gestel. Die dosent moet minstens self die kennis besit wat hy aan die student moet oordra. Maar die dosent moet, al is hy akademies ook al hoe goed gekwalifiseer, kenner bly. Hy is nooit afgestudeer nie, omdat hy steeds op hoogte moet bly van ontwikkelings en kennisuitbreiding in sy vakgebied en van die samehang van kennis, en hiertoe is nodig voortdurende en diepgaande studie - kennisbemagtiging.

3.4.4.2 Volgens departementele verslae[2] word die bostaande standpunt deur die dosentekorps van die P.U. ten volle onderskryf en sover doenlik nageleef. Die talle dosente wat iedere jaar bykomende kwalifikasies verwerf, beurse en ander toekennings vir voortgesette studie benut, studieverlof ontvang, resesse en hulle „vrye tyd" vir studie gebruik, staaf hierdie stelling. By gebrek aan voldoende objektiewe gegewens kan daar egter geen afdoende antwoord verstrek word op die vraag of alle dosente na wens studeer nie - dit bly finaliter n persoonlike, n gewetensaak.

3.4.4.3 Departementele verslae dui op een alles oorkoepelende faktor wat n beperkende invloed op studie deur dosente uitoefen, te wete tyd. Tyd vir studie word grootliks bepaal deur die doseerlas, administratiewe pligte - waaronder die bywoning van vergaderings, kommissiewerk, invul van periodieke opgawes, bestel en kontroleer van voorrade en boeke e.d.m. -, deelname aan intra- en ekstrauniversitêre bedrywighede wat direk verband hou met die Universiteit en deur eise gestel deur nagraadse studente tydens resesse.[3]

3.4.4.4 U Komitee konstateer dat die gees van departementele verslae en ook die van persoonlike gesprekke met dosente ondubbelsinnig dui op kommer en erns by dosente aangaande hulle studie. Indien dit ook die Universiteit erns is, is die so ver moontlike uitskakeling van belemmerende faktore noodsaaklik en moet toegewings t.o.v. die doseerlas, administratiewe pligte, resesse en studieverlof - soos elders in hierdie verslag bepleit - aan dosente gemaak word. Aan die ander kant moet dosente die nodige ewewig tussen studie en intra- en ekstra-universitêre bedrywighede bewaar.

3.4.4.5 Die dosent moet egter ook meer as kenner van sy vak wees en bly : „Geen professor kan op die duur sukses behaal

---

1. Vgl. die antwoord op vraag B I van die leidraad.
2. Vgl. die antwoorde op vraag B VI 5 van die leidraad.
3. Ibid.

nie, as hy net voortdurend bly studeer in sy vak, hy moet ook die wetenskap as sodanig beoefen, hy moet op navorsingsgebied self presteer. Die ideale professor is kenner van sy vak, goeie pedagoog, maar ook wetenskaplike navorser".[1]

3.4.4.6 Die voorgaande standpunt t.a.v navorsing word ook in die algemeen deur die dosentekorps aanvaar en nageleef.[2] Volgens die 45 departementele verslae is 42 departemente en/of fakulteite dit eens dat studie, navorsing en doseer onafskeidelik verweef is en hand aan hand moet gaan.

3.4.4.7 Die beskouing aangaande die verband tussen studie en navorsing bring noodwendig die vraag na vore of daar op universiteit gedifferensieer moet word tussen doserende en navorsingsdosente.

3.4.4.8 Uit die 45 departemente en/of fakulteite is 43 dit eens dat dit nie 'n kwessie is van òf doseerwerk òf navorsing nie maar dat alle dosente èn doseerwerk èn navorsing moet doen.[3] 'n Tiental departement wys egter daarop dat die balans tussen doseerwerk en navorsing so 'n individuele aangeleentheid is dat geen vaste reël neergelê behoort te word nie, aangesien dit soms tydelik noodsaaklik mag wees om meer klem op die een as op die ander komponent te plaas.

3.4.4.9 U Komitee beveel in die lig van die gegewens tot sy beskikking aan dat daar geen strakke onderskeid tussen dosente en navorsingsdosente aan die P.U. gemaak word nie dog dat van alle dosente verwag word om die ewewig tussen studie, doseer- en navorsingspligte te bewaar met inagneming van individuele aanleg, vermoë en belangstelling en die heersende departementele omstandighede.

3.4.5 <u>Professionele kwalifikasies van dosente</u>

3.4.5.1 Akademiese onderlegdheid en navorsingsprestasies is op sigself nog geen waarborg vir die vermoë tot doeltreffende uitbouing van die student se potensialiteite of vir effektiewe oordrag van kennis en vaardigheid nie. Hiervoor is nodig bekwaamheid om hoër onderrig te kan gee, en dit verg, benewens persoonlike genadegawes, ook kennis van die student as mens en van die beginsels en metodes van die tersiêre onderwys in die algemeen en van die bepaalde vak in die besonder.

3.4.5.2 Tot nog toe bestaan daar in Suid-Afrika geen onderwyskursus vir universiteitsdosente nie. 'n Betreklike groot persentasie van die P.U. se dosente het egter een of ander professionele kwalifikasie in die skoolonderwys verwerf. Van die professore beskik 45%, van die senior lektore 38%, van die lektore 41% en van die junior lektore geeneen oor sodanige kwalifikasies. Hierdie persone getuig almal van die waarde hiervan.[4]

3.4.5.3 Dat die potensiële waarde van opleiding vir tersiêre onderwys deur die dosente van die P.U. besef en benadruk

---

1. J.C. Coetzee : Beginsels en metodes van die hoër onderwys, 25.
2. Kyk die omvang van navorsing in hoofstuk V hiervan.
3. Vgl. die antwoorde op vraag B VI 7 van die leidraad.
4. Vgl. die antwoorde op vraag B II 1 van die leidraad.

word, spreek daaruit dat 32 van die 45 departemente hulle ten gunste van die instelling van een of ander vorm van opleidingskursus uitspreek.[1]

3.4.5.3 Volgens departementele verslae en aanvullende mondelinge getuienis verdien die volgende moontlikhede of kombinasies van moontlikhede oorweging :[2]

1. Periodieke lesings (16);
2. 'n gekonsentreerde, formele kursus (8);
3. periodieke simposia (5);
4. periodieke opknappingskursusse (3);
5. 'n skriftelike handleiding (3);
6. kort kursusse in voordrag, hantering van mense, bordwerk, werkopgawes en moderne metodes (3);
7. weeklikse lesings (2);
8. gedifferensieerde leiding in departemente, groepe departemente of fakulteite met behulp van die Fakulteit Opvoedkunde (2);
9. departementele samesprekings (2);
10. 'n formele jaarkursus (1), plasing van onopgeleide dosente onder toesig van 'n senior dosent vir 'n proefjaar (1), besoeke aan ander universiteite (1), bywoning van die U.O.D.-kursus (1) en by benoeming moet professionele kwalifikasies as vereistes geld (1).

Uit die 45 departemente bepleit 6 dat sodanige kursus met 'n eksamen afgerond en dat 'n sertifikaat aan geslaagde kandidate uitgereik word, 3 bepleit die aflegging van proeflesings voor 'n beoordelaar, 3 beveel aan dat enige vorm van opleiding vir huidige dosente opsioneel dog vir alle toekomstige dosente wat nie oor 'n geskikte onderwyskwalifikasie of 'n bepaalde minimum ervaring beskik nie, verpligtend moet wees.[3]

3.4.6 Die instelling van 'n tersiêre onderwyskursus

3.4.6.1 Met inagneming van die bogenoemde departementele en aanvullende mondelinge sienswyses word aanbeveel dat :

1) daar 'n gratis opleidingskursus vir dosente ingestel word;

2) sodanige kursus slegs aangebied word wanneer die aanvraag dit regverdig;

3) die kursus ook proeflesse, beoordeel deur een of meer dosente deur die Senaat benoem, moet insluit;

4) die kursus onder leiding van die Fakulteit Opvoedkunde in oorleg met ander fakulteite beplan en aangebied moet word;

5) die Universiteit hoë prys moet stel op suksesvolle voltooiing van die kursus;

---

1. Vgl. die antwoorde op vraag B II van die leidraad.
2. Ibid, vraag B II 2. Die aantal pleitbesorgers is telkens tussen hakies aangedui.
3. Ibid, vraag B II 2.

6) dit enige van die huidige dosente moet vrystaan om sodanige kursus vrywillig te volg dog dat daardie dosente wat oor geen onderwyskwalifikasie beskik nie, aangemoedig moet word om die kursus te volg;

7) 'n gesertifiseerde verklaring aan geslaagde kandidate uitgereik sal word op die voorwaardes wat die Universiteit bepaal;

8) benewens gemelde kursus, onder leiding van die Fakulteit Opvoedkunde, periodieke, gekonsentreerde opknappingskursusse vir diensdoende dosente aangebied moet word;

9) en dat departementshoofde gereelde departementele samesprekings oor die beginsels en metodes van die onderrig in hulle vak moet hou, lektuur daaroor onder die aandag van dosente moet bring en die nodige formele en informele leiding in die verband moet gee.

3.4.7 Die dosent en die lewe

3,4.7.1 Die wese van die universiteit bepaal die plek van die dosent in die lewe.[1] Die universiteit is geen ivoortoring, los van die lewe en selfgenoegsaam nie, maar dit is 'n eiesoortige samelewingskring met soewereiniteit in eie kring en met 'n eie besondere roeping maar funksionerend in intieme samehang met al die ander kringe middein die lewe. Die roeping van die dosent kring derhalwe uit tot die ganse lewe; hy moet binne die polsende lewe staan, dit waarneem, beleef en waardeer en sy invloed na die ander samelewingskringe laat uitgaan, maar hy moet op sy beurt deur hulle beïnvloed en verryk word.

3.4.7.2 Volgens die departementele verslae skaar die P.U. vir C.H.O. hom eendragtig agter die voorgaande siening[2] en is alle dosente dit eens dat die dosent 'n besondere roeping binne die Universiteit het, naamlik kennisbemagtiging, kennisontginning, metodebeoefening en ontwikkeling en vorming van studente, maar ook 'n algemene roeping buite die Universiteit in professionele, kerklike, maatskaplike, politieke, ekonomiese, sport- en ander kringe. Dit word egter eenparig beklemtoon dat die hooftaak van die dosent binne die Universiteit lê, en daarom is dit die plig van die dosent om naas die akademiese ook sy roeping te vervul in die verskeidenheid samelewingskringe dog steeds op 'n gebalanseerde wyse en sonder om sy akademiese roeping daardeur te benadeel.

3.4.7.3 Weens die onderlinge verskille tussen dosente is veralgemening en voorskrifte in hierdie verband onvanpas, en daarom moet elke dosent met inagneming van sy groot en grootse roeping self, volgens sy eie aard, aanleg,

---

1. Vgl. hoofstuk I hiervan.
2. Vgl. die antwoorde op vraag B V 5 en 6 van die leidraad.

vermoë en omstandighede, beslis oor sy deelname aan verskillende bedrywighede op so 'n wyse dat die ewewig tussen intra- en ekstra-universitêre aktiwiteite bewaar bly.

3.4.7.4 Die mate waarin die dosente van die P.U. die voorafgaande siening van die dosent in die lewe inderdaad naleef, sal blyk uit die mate waarin hulle, benewens hulle amptelike pligte binne die Universiteit, deelneem aan professionele, maatskaplike, ekonomiese, sport- en kerklike bedrywighede - binne sowel as buite hulle vakgebiede - buite die Universiteit.[1)]

3.4.7.5 Gedurende 1965 het uit 'n monster van 133 P.U.-dosente 27 aan geen, 31 aan 1, 21 aan 2, 11 aan 3, 15 aan 4, 9 aan 5, 3 aan 6, 4 aan 7, 6 aan 8, 3 aan 9, 1 aan 11, 1 aan 12 en 1 aan 15 verenigings binne sy vakgebied behoort. Gemiddeld het hierdie dosente aan 2.5 dergelike verenigings behoort, met 'n verspreiding van 0-15, 'n mediaan van 2 en 'n modus van 1.

3.4.7.6 Hiernaas het, uit dieselfde monster, 39 aan geen, 31 aan 1, 18 aan 2, 15 aan 3, 9 aan 4, 7 aan 5, 5 aan 6, 2 aan 7, 5 aan 8, 1 aan 9 en 1 aan 11 kulturele en ander organisasies buite hulle vakgebied deel gehad. Gemiddeld het die dosente aan 2.1 dergelike organisasies behoort, met 'n verspreiding van 0-11, 'n mediaan van 1 en 'n modus van 0.

3.4.7.7 Die lede van genoemde monster was dikwels nie blote passiewe lede van die verenigings of organisasies waaraan hulle behoort nie. In vele gevalle was hulle ampsdraers, het hulle van tyd tot tyd lesings gelewer en sodoende invloed uitgeoefen. Binne hulle vakgebiede het hierdie dosente soos volg lesings gelewer : 80 het geen, 10 het 1, 11 het 2, 12 het 3, 8 het 4, 5 het 5, 2 het 6, 2 het 8, 1 het 12 en 2 het 16 voordragte gelewer. Dit is 'n gemiddelde van 1.5 lesings per dosent, met 'n verspreiding van 0-16, 'n modus en mediaan van 0. Hiernaas het 99 van die monster van dosente geen, het 8 een, het 13 twee, het 8 drie, het 2 vyf, het 1 ses, het 1 sewe en het 1 nege lesings oor sake buite hulle vakgebiede gehou. Dit gee 'n gemiddelde van 0.7 toesprake per dosent per jaar, met 'n verspreiding van 0-9 en 'n modus en mediaan van 0.

3.4.7.8 Die mate waarin dosente aan die lewe buite die Universiteit deelneem, word verder toegelig deur 'n ontleding van hulle deelname aan die kerklike en politieke lewe.[2)]

3.4.7.9 Uit 'n monster van 109 dosente wat gegewens verstrek het, beklee 91 'n kerklike amp, help 30 met katkisasie, dien 29 in verskillende deputaatskappe of kerklike kommissies (van 1 tot 7), het 20 van 1 tot 7 meerdere vergaderings bygewoon en het 57 van 1 tot 20 toesprake voor kerklike gehore gehou.

3.4.7.10 Uit 'n verdere monster van 146 dosente is 110 lede van 'n politieke party, neem 12 deel aan plaaslike politiek (stadsraadsake) en dien 22 in verskillende besture van politieke partye.

---

1. Vgl. die antwoorde op vraag B V 1 en 2 van die leidraad.
2. Aangesien nie alle dosente hierdie gegewens verstrek het nie, verskil die monster van die vorige. Hierdie gegewens is verkry uit die antwoorde op vraag B V 4 en 5 van die leidraad.

3.4.7.11 Die voorgaande statistiek dui daarop dat, alhoewel die dosentekorps as geheel beskou op 'n gesonde en gebalanseerde wyse deelneem aan die professionele, kerklike, maatskaplike, ekonomiese, sport-, politieke en kulturele lewe, daar nogtans 'n betreklike groot aantal dosente is wat op 'n groter skaal by die ekstra-universitêre lewe behoort in te skakel en aktief aan die bedrywighede van ander samelewingskringe behoort deel te neem. Dit val ook op dat slegs enkele dosente daartoe bydra dat die personeel as geheel so 'n hoë gemiddelde getal toesprake lewer. Skakeling met die lewe is die roeping van <u>alle</u> dosente en nie slegs van die „gewillige esels" nie.

3.4.7.12 Dit word derhalwe aanbeveel dat alle dosente aangemoedig moet word om volgens aanleg, belangstelling en vermoë en met inagneming van hulle omstandighede deel te neem aan ekstra-universitêre aangeleenthede op die bg. vlakke maar sonder om hulle roeping binne die Universiteit te benadeel.

4. <u>DIE STUDENT</u>

4.1 Hierdie opname het aan die lig gebring dat die bestaande wetenskaplike lektuur weinig gegewens aangaande die student verstrek, sodat ons hom meesal slegs op 'n intuïtiewe, naïewe wyse ken of hoogstens enkele fasette van sy wese begryp. Die Universiteit moet derhalwe nog die groot taak onderneem om die student grondig te bestudeer ten einde 'n hegte grondslag vir wetenskaplike benadering vir sy vorming en ontwikkeling te lê.

4.2 Die universitêre onderwys is gerig op die hoogste en laaste fase in die georganiseerde opvoeding van jongmense tussen die ouderdomme van ongeveer 17 en 22 jaar,[1] d.w.s. van die rypere adolessensie, en volgens die huidige stand van kennis kan die student soos volg getipeer en die opvoedkundige implikasies daarvan kortliks saamgevat word.[2]

4.3 Die student is reeds gedurende die 12-jarige tydperk van laer en middelbare onderwys geselekteer. Intellektueel val hy binne die boonste kwartiel van die bevolking met 'n I.K. van bo 110 en liefs bo 120. Benewens 'n goeie verstandelike vermoë vertoon hy ook 'n goed ontwikkelde wil, deursettingsvermoë, belangstelling en roepingsbewustheid. Hy is derhalwe lid van 'n eksklusiewe groep wat in menige opsig van die gemiddelde adolessent verskil.

4.4 Die verstandelike groei van die student is in die reël teen 18-jarige leeftyd reeds voltrek, en hy is dan denkende mens wat veral soek na die essense, die diepere sin van mens, lewe en skepping. Hierin lê 'n besondere taak vir die dosent, naamlik om hom te lei tot 'n wetenskaplik gefundeerde, Skrifverankerde lewens- en wêreldbeskouing. Vanweë sy verstandelike rypheid en toebedeeldheid is hy skerpsinnig en krities, raadpleeg hy self wetenskaplike bronne, wil hy self dink en sy eie opinie oor sake vorm. Daarom moet die dosent hierdie drang nie vanaf die kateder smoor nie en moet hy tred hou met die nuutste bevindings op sy vakgebied, moet hy die student steeds vóór wees met sy studie en moet hy ander vakgebiede

---

1. Voltydse studente val in die reël binne hierdie ouderdomsgroepe. Baie nagraadse studente is heelwat ouer.
2. Die siening wat volg, is verkry uit J.C. Coetzee (red.): Beginsels en metodes van die hoër onderwys, 26-28, en uit gesprekke met verskillende dosente dog veral dosente van die Fakulteit Opvoedkunde en die departement Sielkunde.

versigtig betree, want die student mag meer daarvan weet as hy. Die dosent moet respek afdwing deur sy lewensbeskouing, rypere en heldere insig, blyke van bydraes tot die wetenskap, ordelike voordrag en werkwyse en deur sy vermoë om die studente te lei na selfsoeke in die nuutste bronne. Deur korrekte leiding verkry die student insig in die waarde van meerdere kennis van die vak en vind intrinsieke motivering plaas wat 'n bron van effektiewe strewing is.

4.5 Ook die wils- en emosionele aspekte van die student het alreeds 'n gevorderde graad van groei en stabiliteit bereik. Hy is in die reël oor die storm-en-drangjare en het op emosionele gebied selfstandig begin word; sy belangstelling is gerig op georganiseerde sport en op letterkunde en kuns, hy dors na wetenskap in die algemeen maar na 'n lieflingswetenskap in die besonder, het sterk belangstelling in die aanstaande beroeps-, sosiale en politieke lewe en die vind van 'n lewensmaat van die teenoorgestelde geslag, want hy is seksueel reeds volwasse en beleef dieselfde emosies as die grootmens.

4.6 Maar nogtans is hy nie 'n grootmens nie. Enersyds het hy sy eie ek gevind, sy voortreflikhede en leemtes in 'n groot mate leer ken, kan hy vir homself besluit, wil hy sy eie sake reël, voel hy verantwoordelik en opgewasse om die lewe te verken en wil hy dit doen sonder om deur volwassenes voorgesê te word. Hy is nie tevrede om uit die ondervinding van volwassenes te leer nie maar is bereid om foute te maak en daaruit te leer. Hy het 'n besondere drang na persoonlike vryheid en is sterk onder die indruk van die beperking van sy vryheid deur sosiale, kerklike en staatkundige faktore. Andersyds is die student nog 'n onervarene en as sodanig onvolwassene met behoefte aan simpatieke dog ferme leiding en aandag wat van 'n ervare, gerespekteerde en ware leier uitgaan. Met hierdie tweespalt tussen die drang na onafhanklikheid en die gevoel van afhanklikheid moet die dosent rekening hou en die onbewuste weerstand van die student teen gesag oorkom, sodat die gunstigste omstandighede vir leiding tot volle wasdom geskep kan word. Dit kan o.m. gedoen word deur die indiwidualiteit van die student te eerbiedig; persoonlike opmerkings te vermy; nooit neerbuigend, sarkasties of spitsvondig ten koste van die student te wees nie maar belangstellend, objektief en saaklik dog simpatiek te bly. Aan die Universiteit moet die student, onder die leiding van gevormde dosente, sy vryheid leer waardeer en die perke daarvan leer ken, sodat hy die lewe kan betree as gevormde, vrye maar verantwoordelike mens.

4.7 Alhoewel die meeste studente reeds voor hulle koms na die universiteit belydenis van die geloof afgelê het, is daar by baie van hulle nog heelwat duisterheid en onsekerheid aangaande godsdienstige faktore. Die student is egter daartoe toegerus om hulle emosioneel en verstandelik ryp te benader, maar ook hiertoe is leiding en besondere kerklike bearbeiding nodig.

4.8 By die beoordeling en beplanning van akademiese aktiwiteite aan die Universiteit moet die voorgaande karakteristiek - wat egter aanvulling en kontrole deur uitgebreide wetenskaplike studie verg - terdeë in ag geneem word.